

Vervul jou roeping, want jy is jy

Jy hoef nie verskoning te vra dat jy lewe en dat jy jy is nie. As God jou die gawe van lewe gegee het, dan het jy genadiglik die reg op bestaan en niemand mag dit minag of verkleineer nie.

Beskeidenheid is wel 'n mooi karaktertrek en 'n mens moet ook jou vermoëns, beperkinge en plek in die lewe ken. Maar jy moet ook besef: jy is jy en ek is ék. Dit is God se wil. God, die Vader, het ons elkeen anders gemaak, uniek en onherhaalbaar... "kunstig geweef in my moeder se skoot" (Ps. 139:13-16).

Jy is ook nie jou ma of jou pa se replika nie, al aard jy na een van hulle. Jy is onherhaalbaar jy! En God roep juis vir jou - vir jou wat uniek is - om op 'n bepaalde plek en in 'n bepaalde tyd tussen bepaalde mense jou roeping as geroepene van God te vervul.

Gewoonlik sondig 'n mens deur te veel van jouself te dink. Dit is egter net so 'n sonde om te min van jouself te dink. Natuurlik moet jy nie méér van jouself dink as wat jy behoort te dink nie, maar ook nie minder nie. As God jou 'n roeping oplê, as jy God se geroepene is, is dit sonde om (selfs uit beskeidenheid) te dink jy is dit nie. Laat niemand ook jou ouderdom of jonkheid of jou beperkinge verag nie as God jou die beperkinge opgelê het. Immers, God dink soveel van jou dat Hy jou gemaak het - uniek gemaak het - en dat Hy juis vir jou geroep het tot die vervulling van 'n bepaalde roeping.

Ja, God dink soveel van jou dat Hy die Liefste wat Hy het, sy eniggebore Seun, gegee het... ook vir jou. Daarom is die lewe en roepingsvervulling die moeite werd en jy die lewe en jou roeping werd - om dit te doen uit dankbaarheid. Vervul jou roeping, want jy hét dit!